Riversdale

VERSLAG VAN DIE SENDINGSEKRETARIS AAN DIE HOOGEERW. SINODALE KOMMISSIE WAT SITTING HET TE BLOEMFONTEIN OP 27 & 28 AUGUSTUS 1952.

WelEerw. Heer en Broeders,

Waar 'n uitgebreide verslag van die Sendingwerksaamhede gedurende die afgelope vier jaar aan die Sinode in April-Mei 1952 voorgelê is, daar wens die ondergetekende slegs in kort mee te deel wat sedert die tyd op die Sendingakker plaasgevind het.

B U I T E L A N D.

1. BESLUITE VAN DIE SINODE:

(a) Die Sendingpersoneel het met groot dankbaarheid kennis geneem van die besluite van die Sinode insake salarisse ens.

(b) Waar die kommissie aan die einde van Mei egter met 'n oortrokke rekening van meer as £7,000 te doen gehad het, kon hulle nie dadelik daartoe oorgaan om die salarisse te verhoog nie en is besluit om in Augustus 1952 hierdie aangeleentheid te behandel en salarisse te verhoog al is dit dan ook met terugwerkende krag.

(c) Intussen is die gemeentes deur 'n omsendbrief versoek om die helfte van hulle verhoogde pro-ratas voor 30 Junie 1952 aan te stuur na die Saakgelastigde. Die reaksie van die kant van die gemeentes was baie gunstig en dit stel die kommissie instaat om die verhoogde salarisse te betaal.

(d) Daar is voorts uitvoering gegee aan al die ander besluite van die Sinode.

2. TEKORT AAN ARBEIDERS:

Een van die geordende Sendingkandidate, eerw. van Zyl, kon weens onvermydelike omstandighede nie na die Buiteland gaan nie en ons worstel nog met 'n tekort aan arbeiders, en meer in besonder is dit waar van onderwysers. Ons het 'n vyftal nodig vir Suid- en Noord-Rhodesië. Moontlik sal nog twee verpleegsters aan begin van volgende jaar na die Sendingveld vertrek terwyl dr. de Kock, wat vroeër in die Sendingveld was en wat na Holland gegaan het om in tropiese medisyne te spesialiseer, in Augustus terugkeer om as tweede dokter haar werk daar te hervat.

3. TOELAE VIR MEDIESE WERK IN NOORD-RHODESIË:

Tot nogtoe het ons van die kant van die Regering geen toelae vir ons mediese werk ontvang nie, uitgesonderd vir die werk onder die melaatses, weens die buitensporige eise wat verbind word aan sulke toelae soos b.v. 'n gebalanseerde diëet ens. Gedurende die afgelope jaar was hulle egter meer tegemoetkomend en daar word nou sterk representasies gemaak by die Regering om ons die nodige toelae te gee ook vir daardie afdeling.

4. OPDRAG VAN DIE SINODE I/S INDELING VAN SENDINGKERKE VOLGENS TAAL- EN ETNIESE GROEPE:

'n Aparte verslag word hiermee ingehandig.

2/ .....

5. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK: SALISBURY MOEILIKHEDE:

Deur die Voorsitter van die kommissie was bepaal dat die ondersoek op 7 Julie 1952 sou plaasvind te Salisbury. Alle reëlings was reeds getref, die nodige getuie was in kennis gestel ens. maar op 25 Junie, 'n paar dae voor ons vertrek, was ons in kennis gestel dat die ondersoek te Salisbury, weens onvermydelike omstandighede, uitgestel is tot 'n later datum. Ons moes heelwat koste aangaan om al die reëlings te kanselleer en vir u verteenwoordigers was dit oorsaak van diepe teleurstelling.

B I N N E L A N D.

1. WITZIESHOEK:

(a) Ds. Strümpfer is begin Mei in Witzieshoek bevestig en hy werk met ywer en entoesiasme.

(b) Hospitaal: Vir die uitbreiding van die Elizabeth Ross Hospitaal, het die S.A.S.K. 'n skenking ontvang van die Provinsiale Administrasie van £20,000 en van die Governor General Fund 'n som van £5,200 vir die daarstelling van 'n dokterswoning en die installasie van 'n X-Straal apparaat. Die nodige planne en spesifikasies word nou voorberei en binnekort sal tenders gevra word vir die oprigting van die nodige geboue. (Hierdie informasie is egter konfidensieel). Dit sal in 'n baie wesenlike behoefte voorsien, maar dit sal tegelykertyd die prestige van ons kerk en die boerevolk daar verhoog.

2. THABA'NCHU:

Die werk in Thaba'Nchu reservaat brei steeds uit en daar rus seën op die werk van eerw. Vogel. Deur naturelle egter saam te trek op plase wat deur die Regering aangekoop is, word ons egter verplig om kerkies op te rig om te voorsien in die geestelike behoeftes van daardie naturelle. Ons was geroepe om weer 'n ruime bydrae vir daardie doel af te sonder op voorwaarde dat dit alleen vir materiaal gebruik sal word en die naturelle moet self die geboue optrek.

Menende hierdeur aan ons opdrag voldoen te hê en u toebiddende die seën van die Heer op al u besprekinge.

t.t. in Xrs.,

ALG. SENDINGSEKRETARIS.

ONDERVINDINGS, VERRASSINGS en GEWAARWORDINGE
van 'n groepie sendingvriende wat teen die einde van Julie 1954 'n uitgestrekte reis na die NOORDE per motor onderneem het oor BULAWAYO, VICTORIA VALLE, LUSAKA (deur Wankie Wildtuin), FORT JAMESON, NJASSALAND - terug oor die Portugeesgebied.

Die eerste openbaring is die stompheid van opvatting weens onkunde oor baie sake waaroor opinies van alle kante vryelik gewissel word, sonder inagneming van die werklike toedrag van sake. Hier geld die waarskuwing om jou onkundig oor sekere dinge te hou, sodat dit nie later sal blyk dat jy nie oor alles onkundig is nie. Kursories wil ons dan 'n paar dingetjies aanstip wat nie onopgemerk verby kan gaan nie.

Die feit dat verskeie Sendelinge, om gesondheidsredes, die Sendingveld in die laaste paar maande moes verlaat, het moeilike probleme in die veld laat ontstaan. Die plek van ervare Sendelinge, soos Ds. Pauw - die voormalige hoof van die Vrystaatse Sending - Ds Kok en Eerwaarde Rossouw se plekke moes ingeneem word deur minder ervarenes wat so pas in die veld getree het - dit is besonder moeilik om kontinuiteit te behou. Soms, vir 'n geruime tyd, moet stasies leeg staan, en, in gevalle waar geneeshere die veld verlaat het, moes die werk vir 'n tyd lank links lê.

Waar baie van ons nie gehoor kan gee aan die oproep om te GAAN en te DOEN nie, is dit ons plig om die geloofshelde in staat te stel om te werk. Hulle is vol ywer, maar, weens gebrek aan fondse, is beperkings hulle opgelê wat stremmend werk op moontlike ontwikkeling en uitbreiding. Nou, waar DIE SENDING VRIENDE VERENIGING IN DIE LEWE GEROEP IS OM STEUN TE BIED AAN SENDELINGE en SENDING POGINGS WAARVOOR DIE SENDING KANTOOR NIE VOORSIENING MAAK NIE, is ons verantwoordelikheid groot. So groot dat ons nie stilswyend, of op 'n afstand kan werk nie. Daar moet kontakte gemaak word en daadwerklik opgetree word. Ek dink willekeurig aan die plesier wat 'n orreltjie (harmonium deur een van ons lede geskenk) die BLINDES te Capoto verskaf en in watter groot behoefte dit voorsien. Het die voorreg gehad om 'n blinde daarop te hoor speel en sing. Sy woorde aan die Skenker was GOD HAS BLESSED YOU". Wat 'n geleentheid om die blindes van gesig en van Geloof op te wek!

Weet u dat die werkers en werksters al so ver gegaan het om, weens gebrek aan vervoermiddele, padwerkers (in desperasie) genader het om siekes na naburige hospitale te vervoer. Mag ons, of kan ons wat, 'n tyd van ongekende voorspoed deurmaak, so 'n toestand laat voortduur?

Die skrywer verhaal korteliks wat hy persoonlik in Noord Rhodesie, Njassaland en in Suid Rhodesie gesien het. Dit was 'n wonderlike ondervinding. Het 'n afstand van 4,700 myl (sonder teespoed) afgele om wonders bo wonders te sien - in die Natuur en in die veld, wat voorheen woes en verlate was. 'n Mens tref oral waarskuwings aan op die pad om versigtig te ry, en om op die uitkyk te wees vir olifante en ongediertes, maar die gevaarlikste bly nog steeds die muskiet. As voorsorgmaatreel het ons geselskap, nadat ons die grens by BEIT BRUG oorgesteek het, op pad na LUSAKA (in Suid Rhodesie) gereeld Paludrine pille gedrink - ook net gekookte water gebruik.

Naas aan die Sending Pastorie te Lusaka is daar 'n gerieflike Rushuis, maar die paaie is redelik goed en as daar nie te veel tyd versuim word op die pad nie kan die reisiger vanaf die Doeana Grens (Beit Brug) deurstoot tot by Lupani - halfweg na die Valle ('n afstand van sowat 330 myl) daar oornag en die volgende more deur Wankie Wild Reservaat ('n omweg van sowat 69 myl) gaan en dan by die Victoria Valle aandoen ('n afstand van 185 myl) - daar die wonders van die Skepping aanskou.

Die volgende skof tot by Rufunsa, waar daar Rushutte te verkry is aan die voet van die Bergpas van 100 myl. Op hierdie gevaarlike pad is daar baie draaie en moet die drywer gedurig op die uitkyk wees vir aankomende voertuie - die gevaarlikste waarvan die busse is. Ons het gelukkig net vyf gekruis op gangbare draaie.
In die berg by 'n Hotel te Kachalola was brandstof te verkry teen 4/11d per gelling. Vandaar het ons op ons gemak weggeswaai na die Sendingveld - eers by HOFMEYR Stasie aangedoen - die Stasie waar die geboue nou onlangs deur vuur vernietig was. Met die hulp van Brandfort Gemeente, wat sowat £400 bygedra het, staan daar vandag weer 'n mooi nuwe Kerk en Pastorie, deur Eerwaarde Venter - die stasiehoof - bewoon. Vandaar is ons na MERWE, waar Eerwaarde Casper du Plessis van Verkeerdevlei aan die Hoof is. Na die middagete het ons ons reis voortgesit tot by KATETE waar ons vir 10 dae afgesaal het. Intussen het ons oorgereis na Fort Jameson (die BOMA) en na KAMOTO, wat 52 myl verder Noord is. Daar het 'n deel van ons geselskap die Kamoto Wild Reserfaat besoek - die nag buite die kamp oornag en kiekies van olifante op kort afstand die volgende more geneem. Dit is 'n gevaarlike Tsetsevlieg area, waar geen melk of vleis te verkry is nie. Die Sendeling (Ds F.Botha) het darem 'n liksens om wild te skiet vir die pot. Hier is die naaste verbinding Ft Jameson vanwaar die Sendeling sy pos, dikwels per trapfiets, oor 'n afstand van 10½ myl - uit en tuis - moet kry. Eerwaarde D.Hoffman - nou die Hoof van die Sending in Noord Rhodesie, was vir 'n tyd lank daar werksaam. Deur sy onvermoeide ywer en die finansiële steun wat ons Vereniging verleen het (bydrae van £330) het 'n mooi Kerkie verrys.

Gedurende ons verblyf te Katete, het ons die Stasies NYANJE, MADZIMOYO, MAGWERO en NSADZU ook besoek en interessante ondervindings opgedoen o.a. die Blinde Skool besoek te Magwero waar, deur die onvermoeide ywer en geduld van Mejj. Botes en van Dyk wonders verrig word. Ons gemoed het volgeskiet toe ons sowat 40 van die blindes uit grond van hul harte lofliedere hoor aanhef - so anders as in die Suide waar klaagliedere voorrang geniet.

In gesprek met Mej. Botes het ons verneem dat sy angstig is om 'n dowe skool ook op te rig. Net die nodige fondse vir die bou van 'n saal ontbreek. Sal die bevoorregtes van die s.g. beskawing toelaat dat die dowes uitgesluit word uit die wereldplan van die Onderhouer van alles?
Nee ons kan nie toelaat dat die Amerikaanse vriende, wat reeds meeste van die Braille leesstof en Tik en ander Braille masjiene kosteloos verskaf het aan die blindeskool, ons verder beskaam nie. Wat kan ons die Here vergelde vir al ons sinne en vir al die weldade aan ons bewys?

Kostelike werk en onbaatsugtige diens word ook deur Mejj. Paul Spies, Brandt en ander sending dames in die skole en weeshuis gedoen. Ons bewonder hul ywer vir siele.

By Madzimoyo - die aanloop stasie v/d besoekers - skynbaar omdat dit aan die hoofpad grens en so belangrik is. ~~Daar~~ is daar ook 'n skool v/d blanke kinders, 'n Hospitaal waar suster Franszen kosbare werk lewer - ook Dr Kock van Nsadzu. Op hierdie stasie staan die groot Jubileum Kerk wat sowat 2,500 mense kan bevat. Net jammer dat die miere (baie klein mierjies) besig is met hul verwoestende werk van deurgrawing v/d mure en houtwerk. Dit is oral 'n plaag.
Ds Uys is aan die hoof v/d Stasie. Hy, sy vrou en al die werksters het ons gul ontvang. Terloops net dit - Mej.Freddie van Niekerk - die buitepos korrespondente - is al oor die 35 jaar werksaam i/d sending veld. Sy is 'n staatmaker.

Vandaar is ons na NSADZU waar Ds Balinck aan die hoof staan. Hy word bygestaan deur sy bekwame vroutjie - Dr de Kock - en Mnr Veitz, wat waardevolle diens lewer. Laasgenoemde, wat nou onlangs sy vroutjie verloor met die geboorte van hul kindjie, word tydelik bygestaan deur sy moeder wat ook 'n toegewyde kind v/d Heer is. So ook help Ds de Vos van Ft Jameson se moeder daar aan die blanke skool.
NSADZU is die Stasie v/d Melaatses (sowat 2/300 van hulle). Ook hulle verlang om hul Kerk te herbou teen 'n beraamde koste van £8/900 en die geld moet gevind word.
Volgens inligting verskaf, het hulle £40/45 op hande om die melaatse werksvolk te betaal. Die Hoofman - Daniel - wat ook sy kragte i/d diens van sy Meester wy - was ook melaats. Hy staan al daar v/d laaste 25 jaar - Is baie opgeruimd. Dit is wonderlik om te sien hoedat hy 'n pik met sy stomp hande en voete hanteer. Die Evangelis, wat ook waardevolle diens daar lewe, was ook melaats. 'n Bestiering v/d Heer.
Daar is baie probleme op die Stasie - ook die Roomse gevaar en teestand.

Het ook interessante ondervindings by Njanje opgedoen, waar Ds Kriel werksaam is. 'n Nuwe Hospitaal is daar in aanbou teen 'n beraamde koste van £10,000.
Het onoffisieel verneem dat die Rhodesie Regering 'n bedrag van £8,000 gaan bydra.
Dr van Rooyen en Suster Smit (baie vriendelike dametjie) doen prysenswaardige werk in die tydelike hutte en geboutjies wat as verpleeginrigtings gebruik word. Die dienste van Mejj. Hugo en v.d. Spuy kan ook nie onderskat word nie.

KATETE, waar ons meeste van ons tyd deurgebring het, is ook 'n mooi skoon stasie, waar Ds F.Botha aan die hoof is. Hy word oor 'n maand vervang deur 'n Naturelleleraar - verplaas na Kamoto. Intussen word hy deur Mnr en Mevr. Miles bygestaan - twee ywerige persone wat al wonders op die stasie verrig het. As gevolg van Mnr Miles se onvermoeide ywer, het baie mooi geboue verrys. Ongelukkig was hy ookal dikwels aan die korste end wat tekorte betref. In Noord Rhodesie moet die Sendelinge die tekorte bo die beramings aansuiwer - nie 'n mooi toestand nie! So ook was die ondervinding van Eerwaarde Hoffman op Kamoto~~e~~ waar i.p.v. 'n gras dak hy 'n sinkdak op die tuiste v/d donna (sending dame) geplaas het met die gevolg dat hy £50 uit sak was. Is daar nie iemand i/d s.g. beskawing wat die bedrag sal aansuiwer nie? Ja, ons weet daar is baie.
Op Katete het die Hoofman - Undi - tot bekering gekom. ~~Alem~~ op die stasie juig daaroor.
Ons het ook die voorreg gehad om 'n begrafnis van 'n heiden op die stasie by te woon. Hy was in 'n miershoop begrawe. Na die diens het baie v/d aanwesiges toegestroom om Christelike pamflette en lektuur van Ds Botha te kry.
Op die satsie is daar ook 'n Mnr Badenhorst, Mnr Kriek, Mnr Oosthuizen (van Njassaland) wat tydelik daar behulpsaam is en drie ywerige en toegewyde dames b.n. Mejj. Terblanche, Louw en Goldie - Daar is 'n groot Normaal skool ook.

Van Ft Jameson is ons toe op ons terugreis na die Unie na die Njassa Meer oor Lilongwe - ook 'n wonderlike gesig - Die meer is 365 myl lank en 52 myl breed. Alhoewel net soos 'n see is die water vars - dit word ongekook gedrink.
Op pad na die meer het ons by Mvera - die oudste N.G.Sending Stasie in Afrika aangedoen. Daar moes ons tot ons spyt verneem dat aldrie blanke werkers en werksters t.w. Ds en Mevr. Lont en Suster Visser drastiese behandeling ondergaan vir Bilharzia wat hulle opgedoen het as gevolg van die gebruik van ongekookte water waarmee hulle hulle gewas het.
Die stasie is belangrik v/d rede dat pioneers werk daar deur Godsmanne gedoen was. In die vroë dae was 'n witvlag aan 'n sekere groot boom, wat nog daar staan, gehys om die Sondag aan te kondig. Ook staan die oorspronklike klok pilare (GELOOF en GEHOORSAAMHEID) nog daar.

Het ook vir 'n kort tydjie by Dzenza stasie,waar die dogter van Ds A.F.Louw gestasioneer is, stilgehou. Ook 'n pragtige skoon stasie waar daar baie bou bedrywigheid is - mooi geboue. Vandaar is ons na Mkhoma Stasie wat wonderlik mooi gelee is tussen die bergspitse. 'n Model stasie van Njassaland, met al sy uitgebreide werksaamhede, waar almal in almal belangstel. Di. Minnaar en Stegman is daar aan die Hoof. Is bygestaan deur 'n groot aantal toegewyde staatmakers (te veel om te noem). Daar is 'n groot administratiewe kantoor wat aan 'n groot behoefte voorsien. Ons was baie hartelik ontvang deur Ds Minnaar, sy vrou, Mnre Hoffie Theron, sy vrou en Blignaut en vrou en Dr Louw - seun van Ds A.F.Louw.

Met ons terugreis na die Unie deur Blantyre oor Portugeesgebied het ons by Mphunzi aangedoen. Verder was dit 'n wonderlike ondervinding om oor die Zambesi rivier met 'n pont te vaar - uiteindelik het ons by Capoto en Zimuto stasies aangekom op weg na Morgenster. Was gulhartig deur Ds en Mevrou Wouter van Velden ontvang - twee staatmakers. Het toe die volgende dag die wonders van Zimbabwe aanskou. Geen pen kan dit beskryf nie. Verder Suid is ons oor skilderagtige passe na Morgenster waar, net soos op Mkhoma, daar geweldige uitgebreide werksaamhede, onder die bekwame bestuur van Dr. v.d.Merwe, aangetref word. Ons was deur almal wat ons ontmoet het gul ontvang. Iets wat 'n mens by al die Sending ~~xxxxx~~ stasies aantref is die gasvryheid - een groot familie~~xxx~~. Ek noem 'n paar v/d mooi dinge wat ons op Morgenster gesien het.-

1. Die Vinger Rots (1 Sam 2.2).
2. Die geskiedkundige kers.
3. Groot skole,
4. Die Pers,
5. Mooi woonhuise, en
6. Groot Hospitaal, behoorlik toegerus met X Straal aparaat, waar groot operasies onderneem word. Daar word sowat 8/10,000 inboorlinge jaarliks ondersoek. Dr Steyn Snr is beroemd vir sy oog operasies. Hy word bygestaan deur sy seun en 'n ander geneesheer en vier bekwame verpleegsters o.a. Suster Roux - aan ons bekend. Hulle het ons steun en voorbidding nodig.

Die dringende vraagstukke wat ons onmiddelike aandag moet geniet is die volgende.-

1. Bydraes vir die bou van 'n Kerk v/d MELAATSES op NSADZU Stasie. £8/900 is nodig.
2. Oprigting van 'n geboutjie v/d DOWES te Magwero, waar prysenswaardige werk deur Mejj. Botes en van Dyk onder die blindes gedoen word.
2. Steun om die sendelinge in N.Rhodesie te help om die tekorte i.v.m. boubedrywigheid aan te suiwer - sowat £250 is nodig.

Onthou, sover u dit aan een v/d minste gedoen het, het u dit v/d Here gedoen.

N.F.BOTHA.
v/sitter
v/d SENDING VRIENDE VERENIGING.

BRANDFORT O.V.S.
25.8.1954.